



# MOSSI ENUUS

Maart/April 2018

## I ekkesl aap. kerk

Nee, dit is nie vir diegene wat Sondae so lekker in die erediens sit en slaap nie. Ook nie vir die slapers se vroue wat hulle so genadeloos in die ribbes pomp nie. Dit is 'n ware storie etlike jare gelede.

Hier was 'n lewendige stapklub. Almal was nog jonk, fiks en veerkragtig

Soms is die dapper en sterk vroue saam en soms het die manne alleen gaan stap.

So is 'n staptog beplan as ek reg ont hou in Polokwane die sogenaamde Fanie Schoeman. Party stappers is vroeg, party is laat, want elkeen het sy eie program. Een so stapper, ene Kobus Carelsen, is vroeg. Hy kry 'n koelteboom agter die kerk en soos in die eerste paragraaf vermeld raak hy, steeds in sy bakkie aan die slaap.

Intussen is al die stappers by die kerk,

slaapsakke, bagasie, kos ens gepak, maar Kobus is laat. 'n Heen en weer bellery begin. Alida is benoud, want hy is lankal by die huis weg. Na baie benoude oproepe en gesoekery, kry Christo vir Kobus vas aan die slaap, veilig in sy bakkie, agter die kerk. (Aangesien hierdie insident nooit gedokumenteer is nie, mag daar dalk hier en daar feitefoute inglip!) Daar is nog stapstories....



Lees bi nne

Wieledans Allen Park	2
Cullinan hier kom ons	3
Kerkblaadje blapse	3

## Ons het die volgende briefie van Dolph en Rockey Jordaan ontvang

Ons wil net dankie sê dr Christo en ds Anneline vir die pragtige boodskappe elke Sondag. Boodskappe wat my sal bybly vir jare. Sielevoedsel en sielevrede vir elke dag. My bydrae is baie klein maar weet dit kom uit die hart. Mag u baie jare geseënd wees in u goeie

Intussen is Dolph en Rockey se dogter oorlede na 'n lang kankerstryd.

### O die pyn gedagte:

My kind is dood!.... Dit brand soos 'n pyl in my, Die mense sien daar niks nie En die Here alleen weet wat ek ly.

Maar daar skiet aldeur 'n pyn in my hart,

Só, dat my lewe se glans verdwyn:

Jou kind is dood met 'n vreeslike dood!

En ek gryp my bors van die pyn.

(Uit O die pyn gedagte – Totius)


## Oor oudword

- Hoe oud ek of enigiemand anders is interesseer my glad nie. 'n Mens is doodeenvoudig so oud soos jy voel, Elizabeth Arden (1884-1966)
- As 'n mens aanhou besig bly en steeds die skoonheid van die wêreld rondom jou raaksien, sal jy vind dat *oudword* nie *oudwees* beteken nie. Pablo Pascals (1876-1973)



Die ouderdom beskerm ons nie teen die liefde nie; maar die liefde beskerm ons teen oudword

*Jeanne Moreau*



'n Mens hou nie op met lag omdat jy oud word nie, jy word oud omdat jy ophou lag

Audrey Hepburn 1927-1993

## Wi el edans Al I enpark

Dit is nou langer as 'n jaar wat ek en Rina Venter betrokke is by die projek.

Die bestuur se aanvanklike versoek was dat die Alzheimers pasiënte meer moet beweeg. Meeste inwoners is in rolstoel. Dit was 'n baie vreemde veld om betrokke by te raak. Ek het gaan kersopsteek by 'n arbeidsterapeut en met baie mense gepraat, Alet Pieterse het twee oumas versorg en het my baie gehelp met kosbare raad.

Om die program elke Woensdag af te wissel is 'n uitdaging. Wetgewing is streng. Ons moet byvoorbeeld opgelei word hoe om 'n rolstoel te stoot. 'n Bejaarde kan dalk val, jy kan jouself beseer ens.

Die bejaardes wat Woensdae die Wieledans bywoon hou van balspeletjies, musiekmaak met instrumente (veral fluitjie blaas), saamsing liedjies, oefen met gewiggies, koekies en lekker-

goed ens.

Die bestuur by Allenpark is baie kreatief om verveling by die bejaardes te voorkom. Hulle bied elke week 'n hele uitgewerkte program vir die bejaardes aan.

Wat die bestuur in die proses agtergekom het is dat die bejaardes meer verlang as om net met 'n selfoon met hulle kinders te kommunikeer. Als is by Allenpark in plek dat die ou mense met hulle kinders kan "Skype"

### Wie kan help?

Om dit vir die bejaardes moontlik te maak om op 'n meer persoonlike manier met hulle kinders kontak te maak kort ons net 'n tabletrekenaar wat kan "Skype".

Dis nie net vir kinders wat oorsee woon nie, daar is byvoorbeeld ook bejaardes wat kinders in die Kaap en ander ver plekke het.

Warm klere, fleeze kombersies, warm kouse, toiletware, koekies en lekkers is baie welkom.

Die bejaardes se lo-

sies is baie duur. Daar is 24 uur versorgers aan diens.

Die meeste inwoners van Allen Park se kinders moet maandeliks 'n finansiële bydrae maak.

Die oord self reël baie funksies en fondsinsamelings om tekorte aan te vul.

Laastens benodig ons DVD's (veral mooi fliëks met 'n gelukkige einde) of komedies en musiekfliëks en CD's.

Die arme Engelssprekende inwoners het verval onder die Afrikaanssprekende vrywillige helpers.

U is baie welkom om een so 'n oggend (gewoonlik op 'n Woensdag) die Wieledans te kom bywoon.

Jou lewe is daarna nooit weer dieselfde nie!

Skakel gerus met Rita ek wil jou graag een oggend saamvat.

**0823235609**

Groete

Rita

## Cullinan hier kom ons.....

Donderdag 2 Maart 2018 het die Mosies per bus na Cullinan vertrek. Groot opgewondenheid! 'n Toergids het ons deurgaans ingelig van besienswaardighede en interessantheide oppad. Almal was in verwondering oor die 116 jaar oue diamantmyn. Groot volkleur foto's van die wêreld se grootste diamante het die vroue herinner dat "diamonds are a girls best friend" waar is. Lieflike muurskilderye deur Italiaanse krygsgevangenes het hul diep verlange na hulle heimat uitgebeeld. Die besoek aan Mchardy, die eerste


mynkaptein se huis was baie treë terug in die verlede. Die Mynhuis is feitlik net soos dit was in vervloë dae (maar 'n inbraak het tog groot skade aangerig) Die hoofslaapkamer was werklik asemrowend. Daarvandaan was ons na die mynmuuseum waar ons die mediese toerusting, sport en ontspanning asook replikas van die diamante wat daar gemyn is kon besigtig. Genade die mediese toerusting het eerder gelyk na instrumente uit 'n antieke slaghuis. Die sportklere van destyds het groot reaksie ontlok. Toegeknoop tot by die kuiltjie, langmoue en langromp. Ek wonder

hoe die hedendaagse tennisspelers in sulke uitrustings sou vorder? Tennis, sokker en rugby was gewilde tydverdryf en ontspanning vir die mynwerkers.

Toe is almal honger. Die groep rafel uit en elkeen kry 'n eetplek van eie keuse. Toe word daar omtrent gekuier en gekoop! Oppad huis toe is dit heelwat stiller in die bus - 'n paar koppe het selfs bietjie geknik!

Wat 'n heerlike dag. Vriendskappe is gesmee en almal het verryk teruggekom—diep onder die indruk dat ons pragtige land en sy mense een groot diamant is.

Volgende keer maak



Iemand wat daarvan hou om te leer sal altyd genoeg weet!

'n Mens kan nooit 'n vriendelike daad te gou doen nie, want jy weet nie wanneer dit te laat sal wees om dit te doen nie

Ralph Waldo Emerson  
(1830-1882)


## Blapse in kerkbladjes...

Om'n kerk se afkondigings te maak is net so erg as om 'n koerant op straat te kry. Natasha en ek samel inligting in. "Boek" siek mense uit die hospitaal net om dan te hoor die lidmaat is nou in ICU! Baie inligting moet sinvol op 'n stukkie papier ingepas word. En is jou skryfstyl vervelig, hoor jy dit sommer gou, so ook as

jou inligting verkeerd is. Maar dit is hoe dit in die meeste kerke gaan. Byvoorbeeld:

- ⇒ Die interkerklike vredesberaad is gekanselleer weens sinodale konflik
- ⇒ Die koste vir bywoning van die gebed- en vas-konferensie sluit die koste van etes in.

- ⇒ Die pastoor gaan sy afskeidspraak lewer waarna die koor gaan sing "O blye dag"
- ⇒ 'n Boontjiesop-aand gaan in die kerk se lapa gehou word. Bring 'n baadjie saam ingeval dit winderig en onplesierig raak.



As jy net een keer méér kan opstaan as wat jy geval het, gaan jy dit maak!

## What a life we live - *Have you taken note of the co-incidences of life?*

1. CHURCH has 6 letters so does MOSQUE
2. BIBLE has 5 letters so does QURAN
3. LIFE has 4 letters so does DEAD
4. HATE has 4 letters so does LOVE
5. ENEMIES has 7 letters so does FRIENDS
6. LYING has 5 letters so does TRUTH
7. HURT has 4 letters so does HEAL
8. NEGATIVE has 8 letters so does POSITIVE
9. FAILURE has 7 letters so does POSITIVE
10. BELOW has 5 letters so does ABOVE
11. CRY has 3 letters so does JOY
12. ANGER has 5 letters so does HAPPY
13. RIGHT has 5 letters so does WRONG
14. RICH has 4 letters so does POOR
15. FAIL has 4 letters so does PASS
16. KNOWLEDGE has 9 letters so does IGNORANCE

**Are they all by coincidence? We should choose wisely, this means LIFE is like a double edged sword.**

### **DUISEND DANKIES JAN ROSSOUW.**

Jan het weereens tot ons redding gekom. Met die kiesersregistrasie by die Palmsaal, was die gras hemelhoog en slordig oorkant die kerk. Jan het geen verskoning soos bv "daar is nie petrolgeld nie" aanvaar nie. Die gras is gesny en die sypaadjies was netjies. (onder Jan se wakende oog)

### **Ons groet die van Emmeni sse**

Ek het eendag by ouma Lien gekuier hier in Elgin straat, waar Lourens en sy ma 44 jaar lank gebly het. Lourens was 22 jaar oud, toe sy pa oorlede is.

Hulle het oorspronklik op die plaas Rietfontein in die Bapsfontein distrik gebly, totdat hul plaas deur die staat onteien is. Daarna verhuis hul na Pomona waar sy pa 2 jaar later oorlede is. Op die oorspronklike plaas is Sentra Rand later gevestig. Daardie omgewing is tans in 'n erg vervalde toestand, volgens Lourens.

Die familie was tydens hul verblyf in Pomona baie aktiewe lidmate van die Gemeente. Al die kerklike aktiwiteite bv basaar, NHSV, kleingroepe, kategese ens is aktief ondersteun en bygewoon. Sedert 1980 tot en met Lourens en Janet se vertrek eersdaags, was Lourens kollektant in sy wyk, 38 jaar lank. Dit wil gedoen wees! Janet was sedert haar en Lourens se huwelik voluit betrokke by die NHSV, funksies ens. (*Lourens en Janet is in 2011 getroud*) Dankie vir die vars groente, potte sop, borde en borde

broodjies, koek, noem maar op. Jul vertrek eersdaags laat 'n baie groot leemte agter. Ons verlies is egter die Gemeente in Vanderkloof, Noord-Kaap, se wins. Mooiloop!

NS. Ouma Lien het as kind grootgeword waar Croyden tans is. Jakoba Lootsstraat is vernoem na haar suster.

In die volgende Mossieblad meer oor die interessante geskiedenis.